NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
# verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  **Badseloop**: Bespreek by Emiele Nel 083 391 6361 / badseloopjeugkamp@gmail.com;
  **Magaliesberg Jeugkampterrein**: Bespreek by Anvie Ventures, 044 696 6585 / info@anvieventures.co.za.

**3 Februarie 2023: Nr 04/2023**

## Warmnuus

### Pensioenfonds

**Kliek hier** vir die *Omsendbrief nr 1 van 2023*. Ingesluit is ook 'n verwelkomingsbrief van *Efficient Benefit Consulting* [**kliek hier**].
Indien daar enige onduidelikheid en navrae is, kan *Theo Smith* gekontak word: theo@pensioene.co.za / 012 342 0415.

### Videos: Sinodesitting

Hiermee al die videos wat op YouTube beskikbaar is. **Kliek hier** om jou keuse te maak of kliek hieronder op die spesifieke video wat jy wil kyk:

* *Amptelike opening te Nylstroom-Oos – **kliek hier**.* * *Andrew Kok – **kliek hier**.*
* *Barend la Grange – **kliek hier**;* * *Fanie Cronjé – **kliek hier**.*
* *Jannie Rossouw – **kliek hier**;* * *Pierre Joubert – **kliek hier**.*
* *Roland Henwood – **kliek hier**;* * *Theuns Eloff – **kliek hier**.*
* *Thuli Madonsela – **kliek hier**;* * *Jeuggesprek: "Wysheid in 'n tyd soos hierdie" – **kliek hier**.*

## Sinodenuus

### Spesiale biddag

Op Sondag *12 Februarie* word gemeentes aangemoedig om spesifiek te bid vir **"Opvoeding en Onderwys"**.

### Susan Marais vier 40 jaar diens

Indien dominees of saakgelastigde hulp nodig het met doop- en lidmaatregisters, en ander argief-navrae, is **Susan Marais** die kontak-persoon by die kerk se argief in Stellenbosch (álmal ken vir Susan...)
Die Argief personeel en vriende het op Dinsdag *24 Januarie* saam met Susan haar 40 jaar diens in die NG Kerk gevier.

**Foto** (van links na regs): oud-kollegas Alta Vrey, Isabel Murray, Julia Daniels, Susan Marais, Angeline Brooks saam argiefbestuurder Andrew Kok.

### Armoedeverligting




Prof. Jurie van Vuuren van UP skryf: *"Internasionaal is daar 'n hoë korrelasie tussen die groei in die aantal kleinsake wat gevestig word en die vermindering in werkloosheid en armoede. Deur elke entrepreneur wat 'n werk vir hom- of haarself skep, word minstens vyf mense positief ekonomies beïnvloed."*

**Kliek hier** vir meer inligting oor wat die werkskeppingsprogram behels en hoe gemeentes betrokke kan raak.

## ❖ Tekslees met ‘n verskil

*07 Februarie:* Lees uit **Deuteronomium 30.**
Zoom-skakel: **Kliek hier**
Meeting ID: 824 4227 4463 / Passcode: 621841
Kontak ***Fanie Cronjé*** [083 415 1452] vir meer inligting.

## ❖ Plant ’n Spekboom (of dalk nie)

### Ekologie-rubriek

**Peet Crous** skryf: “So paar jaar gelede was dit bitter droog in dele van ons land. Omtrent die hele Suid Afrika het saam met boere van Luckhoff, Delareyville en ander plekke gesmag na reën. Daar het ‘n sterk gevoel ontstaan dat ons graag moet help en daarom was daar meer as een water insamelingspoging. “Neem gebottelde water na so en so laerskool en hulle gaan dit kom haal.” Tog het daar ietsie gekrap oor die werkswyse en daarom bel ek so vyf, ses leraars wat in die geraakte gebiede werk. Met een stem: “Asseblief! Moet nie vir ons water stuur nie. Daar is ander maniere om te help…” **[Kliek hier** om verder te lees].

## ❖ Bekostigbare behuising

**Huis Piek** is geleë in die boomryke voorstad van Nieuw Muckleneuk en bied besostigbare selfsorg verblyf vir persone bo die ouderdom van 55 jaar.

* Enkelkamers (gedeelde badkamers): R5 750;
* Dubbelkamers (gedeelde badkamers): R 6 720.

Die volgende word ingesluit in die prys: 3 etes per dag; wasgoed 1x per week; Skoonmaak van kamers: 1x per week; Water en krag.
**Kontak** Linky Klaassen: 012 460 6231/2.

# Kollega- en ander personeelnuus

## ❖ Bevestiging

**Piet Fourie** (voorheen van Sasolburg-Tuinedal) word op Sondag *5 Februarie* bevestig as leraar by **Sanddrift**.

## ❖ Verjaarsdagwense

05/02 Tinus Benadé [Thabazimbi]
07/02 Carl Schunke [Koedoesrand]
11/02 Johan Bosman [Emeritus]
13/02 Piet Fourie [Sanddrift]
---
06/02 Deon van Tonder [Eggenoot van Erika, Wonderboom]
Elize Berrangé [Eggenote van Pieter, Monumentpart-Wes]
08/02 Petro Small [Eggenote van Kobus, Petronella]
10/02 Marianne de Wet [Eggenote van Johan, Hartbeespoort]
11/02 Hanlie Botha [Eggenote van Jan, emeritus]
Lizette Cornelissen [Weduwee van Marius, emeritus]




# Gemeentenuus

## ❖ Verjaarsdae

**Chinhoyi**/Karoi [11/02/1948] **>>>**

## ❖ Kameeldrif

**Fasiliteerders vir jeuggroepe:** Werkswinkel (5 ure). Aanbieders: Roelf Opperman en Fritz Snyman.
Saterdag *11 Februarie* by Familiekerk NG Kameeldrif. **Kliek hier** om in te skryf. **Navrae**: Michaela 071 427 5045.

# Toerusting

## ❖ Excelsus: Sentrum vir Bedieningsontwikkeling

**Jaarprogram vir 2023: kliek hier.** **Navrae**: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za / http://www.excelsus.org.za/

*Excelsus Lentekonferensie 19 – 21 September 2023.* VBO: 30 punte**.**

*Dink nuut oor jou bediening (Sertifikaatkursus in Bedieningsvernuwing)*

Spesiaal gerig op **predikante in die middelfase van hulle bediening** aan – **Kliek hier** vir die inligting.
Die drie modules wat vanjaar aangebied word, is die volgende:

- *21-23 Febr.* ***- Oor ons konteks: Waar is ons nou?***
- *9-11 Mei* ***- Hoe lees ons die Bybel?***
- *24-26 Okt.* ***- Wie is God?***

Indien jy belangstel om deel van die kursus te wees, kan jy die aanlyn inskrywingsvorm voltooi deur op hierdie skakel te kliek https://forms.gle/3XvnAgKnjgeMEw126 . **VBO**: 270 punte.

*Dink nuut oor jou bediening (Sertifikaatkursus in Bedieningsvernuwing)* – **Kliek hier** vir die inligting

**Tema**: **"Wat sê die Drie-enige God oor ons roeping".** **Aanbieder**: Leon Westhof. Aanlyn.
**Datum**: *6 Febr.* (08:30-16:30), *13 Febr.* (08:30-16:30), *20 Febr.* (08:30-13:00)
**Inskrywing:** https://forms.gle/qxabnmXTyiaksyCS8
**Sluitingsdatum**: *2 Februarie;* **VBO**: 30 punte

*Die jaar van God se genade* – **Kliek hier** vir die inligting

**Tema**: **Lydenstyd**. **Aanbieder:** André Bartlett. Aanlyn.
**Datum**: *8-9 Febr.* (08:30-16:30)
**Inskrywing**: https://forms.gle/4sYSh3YvXEtXzuyh9
**Sluitingsdatum**: *6 Februarie;* **VBO**: 20 punte

*Pastorale berading* - **Kliek hier** vir die inligting

**Tema**: **Verslawing as 'n verwoester.** **Aanbieder**: Wentzel Coetzer. Aanlyn.
**Datum**: *14 Febr.* (09:00-13:00) **VBO** 5 punte
**Inskrywing:** https://forms.gle/kCjqCbiSqHFR6Bfn8

*Twee seminare aangebied deur prof Dennis Olson*

**Tema: Prediking van die Ou Testament**
**Datums**: *20 Junie & 21 Junie*
* **Kliek hier** vir die inligting oor die seminaar in **Pretoria** op die *20 Junie*. **VBO**: 5 punte
* Die seminaar in die **Johannesburg/Soweto area** vind op *21 Junie* plaas. Inligting sal later deurgegee word.

## ❖ Hugenote Kollege

**Skool vir Sosiale Innovasie (SSI): Vyf uitvoerende aanlyn kortkursusse**
**Kliek hier** vir die brosjure en ook om in te skryf. **VBO punte** word toegeken.

## ❖ Ander toerustingsgeleenthede

**Gratis webinaar:** *23 Februarie* (18:00-20:00) **Tema**: **Being Church on the edge**
NG Hugenoot, Bloemfontein, in samewerking met die Ring van Bloemfontein-Noord. **"***Being on the edge is a metaphor often used in contemporary South Africa, whether it pertains to the political, economic or social spheres of our challenged country"*.
Die geleentheid word in Engels aangebied en is GRATIS VIR ALMAL. **Kliek hier** vir inligting en om te registreer.
**Navrae:** Hugenoot Kerkkantoor 051-436 2659.

# Ander nuus

## ❖ Bybel-Media

Bybel-Media se 2022 *KinderKersKous-projek* was baie suksesvol. Baie kinders en jongmense in Suid-Afrika hunker na leesboeke wat hulle sal help om 'n pad saam met Jesus te stap. Belangstellendes kan help om Bybelse kinderprodukte in hulle hande te sit. As jy betrokke wil raak by dié projek, **kliek hier** vir die volledige inligting.

## ❖ Christelike Lektuurfonds [CLF]

**Akademiese & Teologiese publikasies:** CLF bied 50% afslag op uitgesoekte Akademiese en Teologie publikasies, betyds vir die nuwe akademiese jaar! Die aanbod* is geldig tot *31 Maart*. [**Kliek hier** vir die lys en skakels].

**Tydskrifte nou by CLF Boekwinkels te koop**: Die jongste uitgawes van LÉÉF!, Met hart & siel, JUIG!, FINESSE Voelgoed en JOY! tydskrifte is nou by alle CLF Boekwinkels te koop. [**Kliek hier**]

## ❖ Wêreldbiddag vir Vroue: 3 Maart

Die organiseerdes het laat weet: "*Wêreldbiddag vir Vroue bied vroue wêreldwyd verskeie geleenthede, onder andere om hulle geloof in Jesus Christus te bevestig. Dit bied gelowiges ook die geleentheid om versterk te word deur die geloofservaring van Christene uit ander lande en kulture. Ons geniet dan ook die voorreg om ander se laste te help dra deur saam met hulle en vir hulle te bid. Ons nooi jou om saam met Christene in meer as 170 lande en streke wêreldwyd, op Vrydag, 3 Maart 2023 by jou plaaslike Gemeente in te skakel vir hierdie wonderlike gebedsgeleentheid*."

**Die tema word elke jaar deur vroue van verskillende lande gekies. Die tema vir 2023, "Ek het van julle geloof gehoor" is gekies deur die vroue van Taiwan.**

**Kliek hier** vir inligting en bestelvorms**.**

## ❖ Vakatures

**Kerkbode: Kliek hier** vir die vakatures in die elektroniese Kerkbode.

**Hugenote Kollege: Dekaan - Skool vir Teologie en Bediening:** Die kollege op Wellington bied opleiding in Teologie en Kerklike Bediening, Maatskaplike Dienswerk en Sosiale Innovasie aan.
**Kliek hier** vir die volledige advertensie. Diensaanvaarding: *1 Julie 2023*.
Navrae: Hesmarie Bosman, bestuur@hugenote.com. **Sluitingsdatum: *17 Februarie***

**SA Gemeente**: **Voltydse leraar [vyfjaarkontrak]** - Die gemeente in die Verenigde Koninkryk het 'n vakature en beroep 'n leraar met ingang *1 Oktober 2023* vir 'n vyfjaarkontrak met die opsie van verlenging vir 'n volgende vyf jaar. Die gemeente wil graag "'n geestelike tuiste vir wêreldreisigers" wees. **Kliek hier** vir die volledige advertensie. Sien die riglyne vir aansoeke op die webblad: www.sagemeente.com. **Sluitingsdatum: *28 Februarie.***

## Naskrif

**Real happiness is not fulfilling every pleasure or getting every outcome you desire, happiness is being able to enjoy life with a peaceful mind that is not constantly craving more, it is the inner peace that comes with embracing change.**